Oordenking
12 Januarie 2011

Soek na die leiding en wil van God. (2)

Moenie eers probeer om die belangrikste vrae in jou lewe te vermy nie: *"Wat wil God hê moet ek doen? Wat is die wil van die Here?"* Want God, en nie die mens nie, is in beheer.

In die Spreuke Boek word dit duidelik geleer dat hoewel ons baie idees en planne het, dit God is wat die besluite neem. Ons beplan en droom, maar ons kan niks meer of minder doen as wat God se bedoeling met ons lewe is nie. Selfs mense wat dit ontken sal vind dat God die bloudruk vir ons lewens skryf en nie onsself nie. Die mense oordink sake, droom en maak planne, maar dis God wat besluit en doen volgens sy wil en behae.

Luister na van die wysheid waarvan ons in Spreuke lees:
Spreuke 16:1 - 'n Mens kan sy voornemens hê, maar die laaste woord daaroor kom van die Here af.
Spreuke 16:9 - 'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop.
Spreuke 19:21 - Al maak mense hoeveel planne, wat die Here besluit, staan vas.
Spreuke 20:24 - Die Here bepaal 'n mens se koers; hoe sal 'n méns weet waarheen hy moet gaan?
Spreuke 21:30 - Teenoor die Here geld geen menslike wysheid, insig of besluit nie.

Die boodskap hier is duidelik. God is soewerein. Hy is in beheer en dit is altyd sy doel en plan wat uitgevoer word. Geen plan kan suksesvol of geseënd wees as dit teen die wil van God is nie..

Die Brief van Jakobus is baie bewus van hierdie waarheid. Jakobus herinner ons dat God in die laaste plek ten volle in beheer van ons lewens is:
Jakobus 4:14 - *"Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn."*

Ons het nie beheer van die toekoms nie. Ons is nie in beheer van vandag nie. Elke dag is in God se hande.

My lewe behoort aan God. God tel al my dae. Hy tel die hare op my hoof en neem besluite oor die kleinste besonderhede van my lewe. Net 'n dwaas sê, vandag of môre sal ek na hierdie of daardie stad toe gaan om sake te doen en geld te maak. Mense met insig en wysheid sal sê: - *"As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen." (Jakobus 4:15)*

Niemand weet of vandag, of môre hulle laaste dag is nie, of wat volgende week, volgende maand en volgende jaar inhou nie. Dit is in God se hande. God is in beheer.
As ons wys wil wees, en veilig, vra na die wil van die Here in alles wat jy doen en soek sy wil en leiding. Wees wat God vir jou in gedagte het. Hou op om hardkoppig te wees en teen die prikkels te skop. En die Here sal sy seën by jou planne en sy genade by jou begeertes voeg.

Spreuke 16:9 - 'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop.